In HARRY POTTER AND THE SORCERER'S STONE, since Drug Use is essential in achieving **higher consciousness**, Harry and his friends learned to create drugs! Listen to Professor Snape explain: "I don't think you will really understand the beauty of the softly simmering cauldron with its shimmering fumes, the delicate power of liquids that creep through human veins, bewitching the mind, ensnaring the senses, I can teach you how to bottle fame, brew glory, even stopper death . . . What would I get if I added powdered root of asphodel to an infusion of wormwood?" [P. 137] The plant, **wormwood**, contains **thujone**, an **hypnotic drug**, banned by the FDA since 1915 [Christian News, "Latest Potter Book Meets Cautionary Response From Christians, July 17, 2000] ; further, wormwood is used to make **Absinthe**, a **hallucinogenic liquor**. Further, look at the accurate description such drugs have on the senses: "creep through human veins" ... "bewitching the mind" ... "ensnaring the senses".

At the end of the book, we see another instance of **drug glorification**. In order to achieve their goal of the Sorcerer's Stone, Harry and Hermione have to correctly choose between several bottles full of drug potions, which they are to correctly drink in the right order. The drug message in this book is clear. To reach your goals in life like Potter, you need to know how to make drugs and take drugs in just the right way or else you are a 'dunderhead'.

2. Drinking blood

".The cloaked figure reached the **unicorn**, lowered its head over the wound in the animal's side, and began to **drink its blood**. "Drinking blood is forbidden in Scripture [**Genesis 9:4-5**] but practiced regularly in Satanism. **Casting Spells** -- God forbids this practice in **Isaiah 8:19**, "***And when they shall say unto you, Seek unto them that have familiar spirits, and unto wizards that peep, and that mutter: should not a people seek unto their God?***" Witches that cast spells "peep" and "mutter" their incantations. In many spells, a witch will draw a circle on the floor and then will step inside to draw either a hexagram or a pentagram. Once the circle is thus prepared, the witch and the coven present will get inside the circle to get ready for the demon to be summoned.

Death glorified - Headmaster Dumbledore; "To the well-organized mind, death is but the next great adventure." The most alarming area Rowling continues to explore is that of death. **Death** has played a **prominent role** in all the Potter books beginning with the horrible deaths of Harry's family.

3. Occult symbolism used

a. **Unicorn** is a common occult symbol for **Antichrist** according to Biblical scholars. God declares in **Daniel, chapter 8**, that the symbol of **Alexander the Great** shall be a **unicorn**. Constance Cumbey writes that certain symbols were to be particularly effective in preparing the world for the Antichrist. "New Age symbols such as the rainbow, the **unicorn**, and triple-sixes [666] were to be increasingly displayed." [Hidden Dangers of the Rainbow, p. 122] Notice that Harry is flying between two columns that are simply crawling with serpents "**And the great dragon was cast out, that old serpent, called the Devil, and Satan...**" [Revelation 12:9; also 20:2]

b. In the book cover for Harry Potter And The Chamber of Secrets, we see Potter grabbing on to the tail of a **red Phoenix Bird**. The **Phoenix** is one of the **oldest occult symbols**, having been invented by **Egyptian Mystery religion**. Phoenix is a symbol of **Lucifer** who was cast down and whom they think will one day rise triumphantly. [Dr. C. Burns, Masonic and Occult Symbols Illustrated, p. 123] During most of 1999, new ager Hillary Clinton and several female members of the President's Cabinet were seen sporting a very expensive lapel pin depicting a Phoenix Bird.

c. Rowling understands the significance of **frogs, cats, and owls** to the occultist. Satanists have always revered the **cat** that is a symbol of **reincarnation**. The **frog's bulging eyes** represent the **All-seeing nature of Lucifer**. The **owl** is a symbol of occult **wisdom**.

d. **Demon Possession** -- Harry recounted for Ron the time in the previous year when Professor Trelawney was demonically possessed.

e. **Shape-Shifter** -- ["Goblets of Fire," p. 623] One of the most common type of shape-shifting in popular media is a **werewolf**. This transformation is done only at the highest levels of Witchcraft. Severe demonic possession is required. Years ago, I had a Satanist who told me that he personally has seen shape-shifters on the West coast. He felt like being "poisoned by cyanide" as he talked to me on the phone. I know this sounds far out.

f. **Gambling** is glorified as the wizards wanted to gamble on the outcome of the match ["The Goblet of Fire," pgs. 87-89]

g. **Drinking** -- Heavy drinking was depicted at the World Cup match [Page 88-89]. Virtually all the faculty of Hogwart's School is depicted as drinking heavily at school.

h. **Cheating** -- "Cheating's a traditional part of the Triwizard Tournament and always has been". [Professor Moody counseling Harry on what he has to do to win the tournament; p. 343] Remember children admire this newfound hero!

i. Practices like **Bestiality** -- [p. 454]

j.. Real names of the Devil. **Sirius** is one of the most important characters in this book. He is constantly on guard to protect Harry. Listen to occult writer M. Temple Richmond, writing in his book, "Sirius," p. 29:" . . . **Sirius is the Keeper of Hell!** The Egyptians also called him **Set**." In SF, there is a **temple of Set** headed by a **Satanist** who allegedly terrified kids from the **Presidio**. Christian author, Bill Schonebelen, former practicing Satanist, says that the Egyptian worship of Set was truly abominable. He says Set was worshipped with obscene, **homosexual rituals**." Thus, when Harry is **related to Sirius**, he is **related to Satan himself!** And when Sirius comes to Harry's aid time and again, Harry is being delivered by Satan! Wow! In the books, Sirius is depicted as a grossly misunderstood good guy who is really wonderful in his heart of hearts. This depiction matches exactly the belief of the occultist, who believes that Lucifer is really the good guy, misunderstood by many. The God of the Bible is always pictured in the occult as the real bad guy. In the books, **Lord Voldemort** is cast as the ultimate adversary of Sirius. Harry also learns a new vocabulary, including words such as "**Azkaban**", "**Circe**", "**Draco**", "**Erised**", "**Hermes**", and "**Slytherin**"; all of which are names of **real devils or demons**. These are not characters of fiction!

God warns, "Woe unto them that call evil good, and good evil; that put darkness for light, and light for darkness; that put bitter for sweet, and sweet for bitter!"
[Isaiah 5:20]

We shall have to be on the lookout for the further development of Voldemort in later novels, but the stage seems to be set for Lord Voldemort to be revealed as the terrible God of the Christian and Jewish Bibles. Suggesting That the World Is Full of Witches Rowling wrote: "It was only just dawning on Harry how many witches and wizards there must be in the world." [p. 81]. Again, the subtle suggestion that this is normal! HARRY POTTER'S CHAMBER OF SECRETS DEPICTS KILLING, CUTTING UP, AND STEWING HUMAN BEINGS! To make a Restorative Potion, humans are cut up, and stewed! These sincere Christian Potter-defenders either have never read the books or they **think cutting up people is okay so long it is fantasy**.

In all the books, witches and warlocks are conjuring up spells in order to get revenge on an enemy or to play a trick on someone. In fact, students casting spells upon other students have gotten so bad that Hogwarts School issued a proclamation forbidding such practices. In **Potter's White Magic**, we now see **human sacrifice occurring**, even though White Magic practitioners -- like **Wiccans** -- would protest mightily that they do NOT practice human sacrifice. But this type of human sacrifice is actually needed in some types of spells. A former Black Magic Satanist has written: "The flying potions main ingredient is the fat from a sacrificed unbaptised male child below a certain age."

"For whosoever shall commit any of these abominations, even the souls that commit them shall be cut off [executed] from among their people. Therefore shall ye keep mine ordinance, that ye commit not any one of these abominable customs, which were committed before you, and that ye defile not yourselves therein: I am the LORD your God." [Leviticus 18:25-30]

"When thou art come into the land which the LORD thy God giveth thee, thou shalt not learn to do after the abominations of those nations." [Deuteronomy 18:9]

Kids are learning these pagan practices from Potter! Every one of the most pro-Potter websites has admitted that Harry Potter is filled to the full with Witchcraft.. If you consider yourself a Christian who loves God & His word, you would be willing to give up reading Harry Potter or resist the temptation to see the Potter movie. Books definitely not for young children. Rowling incorporates graphic depictions, including a professor whose leg is mangled by a **three-headed dog**. While the books are basically aimed at elementary-aged children, it might be too scary for some. Pastor David J. Meyer is a former witch "I have examined the works of Rowling and that the Harry Potter books are **training manuals for the occult. Untold millions of young people are being taught to think, speak, dress and act like witches by filling their heads with the contents of these books.** How serious is this? By reading these materials, many millions of young people are learning **how to work with demon spirits.**

On July 8 at midnight, bookstores everywhere were stormed by millions obtain the fourth book known as "Harry Potter and the Goblet of Fire." These books were taken into homes everywhere with a real evil spirit following each copy to curse those homes. July 8th was also the 18th day (three six5es in numerology) from the witches' sabbat of midsummer. What would the faithful Christians do with a Potter book in **Acts 19:18-20: "And many that believed came, and confessed, and shewed their deeds. Many of them also which used curious arts brought their books together and burned them before all men: and they counted the price of them, and found it fifty thousand pieces of silver. So mightily grew the Word of God and prevailed."** As parents, we will answer to God if we allow our children to read witchcraft books.

Harry Potter and Dungeons & Dragons

Both immerse their fans in a well-developed fantasy world, replete with **wizards, spells.** Some of you may recall a number of youth who committed suicide after playing with D & D a role-playing adventure game. Fantasy Games Can't be Harmful? Magic List of Books a First-Year Student Hogwarts School will have to read

1. The Standard Book of Spells (Grade 1), by Miranda Goshwak. Many spells require both the taking of drugs and demonic possession.
2. One Thousand Magical Herbs and Fungi
3. Magical Drafts and Potions

Rowling has said her future books will get darker. The evil that Rowling portrays is both dark and scary. Does Harry Potter pass the test of **Phil. 4:8**? ***"Whatsoever things are true, whatsoever things are honest, whatsoever things are just, whatsoever things are pure, whatsoever things are lovely, whatsoever things are of good report; if there be any virtue, and if there be any praise, think on these things."*** [Philippians 4:8] If God has not allowed any one any age to saturate their minds with Satanism, how could parents allow it? I have been unable to find any mention by Rowling to religion or faith in Jesus Christ.

"Ye shall know them by their fruits. Do men gather grapes of thorns, or figs of thistles? Even so every good tree bringeth forth good fruit; but a corrupt tree bringeth forth evil fruit. A good tree cannot bring forth evil fruit, neither can a corrupt tree bring forth good fruit. . . ." [Matthew 7:16-20]

Harry Potter is without question a tree of **Bad Fruit**. Why do some recommend the bad fruit of the Harry Potter tree? Rowling is appealing to the most powerful brain function children have-*imagination*. Through her creative use of words and her delightful storytelling style, she is making witchcraft and magic attractive.

Occult Numbers Used In Story Plot

Notice date they select the movie to be out is Nov. 16. The way occult numerologists count is by adding $1 + 1 + 1 + 6 = 9$; 9 is a very sacred and powerful number, the upside down of another occult number 6. Harry is aged 13 in this book; **thirteen** is **Satan's number of rebellion**. Harry was admitted to Hogwarts School on his **11th** birthday. Harry is assigned room number **11** in the **Leaky Cauldron**. **11** is sacred to the occultist. **"... Eleven is the essence of all that is sinful, a symbol of destruction, death."** [The Occult Power of Numbers, p. 100-101]. Perhaps coincidentally, the terrorist act was on Sept. 11, $9 + 1 + 1 = 11$.

Jesus said, "You cannot drink the Lord's table and the demon's table. Shall we thus provoke the Lord to jealousy and anger and indignation?" [1 Corinthians 10:21-22] ***God said, "And be not be conformed to this world."*** [Romans 12:2]

Potter, Pokemon, and many other role-playing fantasy games are dangerous and often lead to a **deeper curiosity and fascination with the occult**. Parents, teachers, take charge! Do not be over-confident. Speak the truth in love. Help me reproduce this in its entirety and distribute/ e-mail this vital, timely message out to the young & the old!

Endnotes

- a.. i. "Harry Potter and the Source of Inspiration" by Danielle Demetriou
- b.. ii. Malcolm Jones, "The Return of Harry Potter!" Newsweek (Online), July 1, 2000, page 4. Watchman123, 2001

B) ONS PRAAT REGUIT OOR HARRY POTTER - Deur William J. Schnoebelen

Geen boek die afgelope jare het die sukses behaal van die gevierde "*Harry Potter*" reeks nie. Waarskynlik het hierdie kinderreeks, geskryf deur 'n vrou in Brittanje, J.K. Rowling, haar een van die rykste vroue ter wêreld gemaak. Sy het vier boeke geskryf, waarvan die laaste HARRY POTTER AND THE GOBLET OF FIRE is, wat swaarder weeg as sommige draagbare rekenaars. In geheel, het haar boeke alreeds meer as 30 miljoen kopieë verkoop.

Haar innemende held is Harry Potter, 'n "nerd" weeskind, wie se ouers deur 'n bose towenaar genaamd Voldemort vermoor is terwyl Harry nog baie jonk was. Hy het iets oorgehou van hierdie ondervinding: 'n litteken soos 'n weerligstraal op sy voorkop – hy word grootgemaak deur aaklige, vaal familieleden ('n tante en oom) wat "Muggles" genoem word (die Harry Potter term vir nie-towenaars wat nie hou van, of glo in towery nie en wat neig om diegene wat wel daarin glo, te vervolg).

Harry se verhaal begin wanneer hy 10 jaar oud word in THE SORCERER'S STONE en hy word 'n bietjie ouer met elke boek. In die laaste boek is hy 14 jaar oud. Sonder om te veel in te gaan in al die detail van knoeiery (wat dalk beter bekend is as die Bybel), word Harry gered vanuit sy vaal, Muggle-deurspekte bestaan deur 'n uitnodiging om na die "Hogwart" se "School of Witchcraft and Wizardry" te gaan, te aanvaar. Daar beland hy in alle soorte avonture, wat stelselmatig opbou na 'n konfrontasie met die bose towenaar wat sy ouers vermoor het.

Hierdie leesstof word bemark as kinderboeke (die eerstes word aanbeveel vir kinders van die ouderdomme 8-13 en die laaste boek vir ouderdomme van 10 tot volwassenes), alhoewel dit goed geskryf is en ook deur volwassenes geniet word. Die probleem lê egter in die geestelike aard van hierdie boeke. Daar is nie baie kinderboeke waar die hoofheld 'n towenaar (of towenaar in opleiding) is nie.

Dit is wel so dat towery 'n algemene tema in feëverhale en fantasieë is. Maar hoewel ons dink aan Grimm se sprokies (waarvan sommige BAIE grimmig is!), die WIZARD OF OZ, of ander stories, verskil die Harry Potter boeke van hulle. Gewoonlik was die towenaars in hierdie ander boeke sekondêre karakters of selfs skurke, en die hoofrolspelers was gewone mense (Dorothy, Sneeuwitjie, ens.), wat óf die prooi was van, óf gehelp was deur hekse.

Maar hier is Harry die held, en lesers word gevra om hulself met hom te identifiseer. Dit is 'n baie belangrike punt soos ons later sal sien. Towery is 'n ernstige besigheid, soos enigeen sal getuig wie daarin betrokke was. Ekself was diep betrokke in towery en heksery vir minstens tien jaar en ek glo dat ek bevoeg is om met ten minste 'n bietjie outoriteit en ervaring te kan praat oor hierdie onderwerp.

'n Redelik verrassende kontroversie het binne die Liggaam van Christus ontstaan oor die saak van die Harry Potter boeke. Hierdie boeke HANDEL WEL oor towery en heksery. Daar is geen twyfel nie. Die kontroversie in die kerk gaan óf sulke boeke in die hande van Christen kinders hoort al dan nie.

Chuck Colson, 'n hoogs gerespekteerde Evangeliese skrywer en spreker, het almal verstom toe hy hom aan Harry se kant skaar. Hy het gesê dat die boeke nie gevaarlik vir kinders is nie, omdat dit nie handel oor towery in die okkultiese sin nie. Nee, het hy gesê, dit betrek die "meganiëse towery" wat 'n letterlike middel is.

Hy verklaar dat die towery in die Potter boeke:

“... suiwer meganies is, in teenstelling met die okkulte. Dit is wanneer Harry en sy vriende towerspreuke uitstuur, kristalballe lees, en hulself in diere verander – maar hulle maak nie kontak met die bonatuurlike wêreld nie ... {Dit is nie} die werklike soort towery wat die Bybel verbied nie.” [1]

Terwyl Colson nie sy term ‘meganiëse towery’ presies definieër nie, sinspeel hy daarop dat dit iets in die lyn is van straalgewere of tydsreise in die wetenskaplike fiksie neiging – ‘n fiktiewe konstruksie, ontwerp om die leser te verlei en die intrige te laat voortgaan – deel van ‘n totale fiktiewe heelal. Ek vind dit nie oortuigend nie.

Eerstens, deel van die probleem is dat hekse en towenaars wel bestaan. Hulle lewer WEL towerspreuke en lees kristalballe. ‘n Paar van hulle werk selfs aan die dissipline van weerwolfswaansin (lycantrophy)[2] – verander hulself in diere. Dus, is daar niks fiktief in enige hiervan nie, behalwe in die verstande van ‘kop-in-die-sand’ Christene.

Tweedens, deel van die probleem is om te definieër wat towery wel is. Dit is ‘n term wat al verskeie konnotasies verwerf het in die gedagtes van die publiek. ‘n Pasgebore baba kan “magic” wees (by wyse van spreke). Alhoewel dit baie poëties mag klink om te sê dat jou nuwe meisie se glimlag “magic” is, is die werklikheid dat “magic” nou al enigiets geword het wat ‘n mate van verwondering bevat. Dit is nie heeltemal reg nie.

Towery en Magie

Dan is daar nog die verwarring tussen verhoog-magie (illusie) soos gepraktiseer deur mense soos Houdini of David Copperfield en “ware” magie of towery. Om hierdie rede verkies die meeste van die meer ernstige beoefenaars van die towerkuns om dit op die ou Engelse manier te spel, nl. “magick” (magie), juis om dit te onderskei van die ‘uittrek van ‘n haas uit ‘n hoed’.

Die befaamde towenaar Aleister Crowley het magie gedefinieër as “die wetenskap om verandering te laat plaasvind in ooreenstemming met die wil”. Dit is baie breed. Vir seker, as ek ‘n lig in my huis sou aanskakel, het ek verandering laat plaasvind in ooreenstemming met my wil. Die manier waarop die meeste studente van die onderwerp Crowley se opmerking verklaar, is om te sê dat dit daarna verwys om “verandering” te laat plaasvind sonder die gebruik van die gewone metodes van terloopsheid beskikbaar aan alle mense.

‘n Woordeboek se definisie is “die veronderstelde kuns om die verloop van gebeure te beïnvloed deur die okkultiese beheer van die natuur of van die geeste”. [3]. Hierdie definisie is ‘n sleutel tot begrip van die probleem met Harry Potter en met Colson se definisie. Die meeste definisies van towery bevat die idee van okkultisme en/of handeling met geeste. Die geeste is meestal van bese aard.

Harry is ‘n kind wat ‘n towenaar in opleiding is. Wat is ‘n towenaar? Volgens die woordeboek is ‘n towenaar (Eng: wizard) ‘n “duiwelskunstenaar, ‘n towenaar” [4]. ENIGE van die handboeke van magie, genoem “grimoires” [5], stel dit baie duidelik dat die bron van ware toorkrag is om verbonde te sluit met geeste en om hulle te beheer (bese geeste).

Nog ‘n mate van verwarring wat opgeklaar behoort te word, is die verskil tussen magie en towery. Die Potter boeke neig om die twee terme te verwar, wat ‘n algemene misopvatting reflekteer. Hulle is nie dieselfde nie, soos enige Wicca (wit heks) jou sal kan vertel. Sommige hekse praktiseer magie (ons het ook), maar sommige nie.

Heksery soos dit algemeen verstaan word vandag, is 'n godsdienst, 'n heidense godsdienst wat die aanbidding van natuur godhede insluit. Heel dikwels word hierdie gesien as 'n god en godin. Die belangrike hoofpunt van Wicca vir die mees ernstige hekse, is toewyding aan die gode of godinne van hul afgodsdienst.

Indien hekse magie doen, is dit gewoonlik van die eenvoudige soort, soos bindings, kerspreuke, genesings, ens. Dit word dikwels "volks magie" genoem, en verskil baie van seremoniële magie, die soort gewoonlik geassosieër met towenaars en hekse. Volksmagie word gewoonlik gedoen op 'n "beperkte begroting" en is heel eenvoudig. Dit behels dikwels dinge ontleen aan die natuur. Deesdae noem antropoloë dit "kulturele spiritisme".

Towenaars, in teenstelling met Wiccas, aanbid gewoonlik niks. 'n Wicca beoefenaar van magie, mag geloof besit in die gode van Wicca, maar die meeste towenaars met wie ons te doen gehad het deur die jare, was óf agnosties óf ateïsties. Gewoonlik, wanneer mens dink aan magie of towery, praat ons van "hoë magie" of "seremoniële magie". Seremoniële of hoë magie, soos die woorde aandui, behels gewoonlik 'n heel komplekse reeks rituele en in baie gevalle, ook studie en voorbereiding bv., een van die rituele wat ons as hekse gedoen het (ons was seremoniële towenaars) het meer as ses maande geneem om voor te berei.

Hekse BID tot hul godhede. 'n Towenaar sal selde tot iemand bid. Hy of sy sal beveel! Die towenaar glo in die doeltreffendheid van sy/haar rituele werk. Hy/sy sal nie bid om 'n resultaat te verkry nie, net so min as wat ek nie nou sal bid voordat ek die lig aanskakel in die hoop dat daar elektrisiteit is nie. Dit is nie 'n kwessie van geloof nie, maar 'n kwessie van "wetenskaplike tegnologie". Maar die tegnologie agter magie is alles verstandelik, emosioneel en demonies van aard.

Beswering

Colson en ander maak die fout om te aanvaar dat daar werklik nie iets soos die soort magie bestaan wat beskryf word in die Potter boeke nie. Dit is nie heeltemal waar nie. Terwyl sommige van die aktiwiteite in die Potter boeke (bv. die speel van Quidditch [6]) duidelik fantasie is, is baie ander nie. Baie Christene besef nie eens dat daar mense daarbuite is wie ernstige towenaars is nie. Siende dat hulle glo dat al hierdie dinge fiktief is, watter skade kan dit dus doen om dit te lees?

As 'n gewese towenaar, laat ek verduidelik wat die innemende klein Harry Potter eers moes doen om die vlakke te kon behaal wat hy tans in hierdie boeke beklee. Laat ek in kort saam met u stap deur 'n werklike tower-rite. Om die mag om te vlieg te kan ontvang, bv., moet die towenaar 'n aantal rituele aanwend. Hy moet vasstel watter soort elementale krag betrokke is.

Vlieg of levitasie sal van die element LUG wees. [7] Dit sal die soort klede, wierook, kerse, oproepings, talismans of amulette en rituele werktuie wat benodig word, bepaal. Eenvoudig gestel, die towenaar moet al die regte werktuie gebruik en dan 'n towersirkel maak [8] asook 'n driehoek van manifestasie. Dit is gewoonlik óf op die vloer geverf, óf uitgepak op een of ander manier, hetsy deur wierook, swawel of kryt. Die towenaar bly binne die sirkel. Daar is 'n sekere voorgeskrewe aantal kerse of vlamme potte wat gebruik mag word, afhangende van die tower-werkboek en stelsel wat gebruik word. Die towenaar moet 'n sekere kleur kleed dra – gewoonlik blou of oranje vir lug. Hy sal gewapen wees met 'n towerstokkie (nie 'n stokkie met 'n vonkelende sterretjie aan die punt nie!), omdat toorstokkies gewoonlik toegeskryf word aan die lug-element.

Hy mag dalk ook 'n swaard hê, omdat daar dikwels gevoel word dat om versigtig te wees, behoort jy 'n swaard te hê wanneer oproepings gedoen word. Met die toorstokkie of die swaard word daar geglo dat mens die geeste kan beveel om jou te gehoorsaam.

'n Oproeping is die oproep van 'n demoon of djinn (die Arabiese vorm van ons woord "genie"). Die term oproeping word gebruik om dit te onderskei van die ander algemene seremoniële towerpraktyk, genoem oproeping. In towery, is oproeping 'n aanspraak maak op 'n hoër wese as jyself, soos 'n engel of god. Glo dit of nie, daar is tower werkboeke wat aanroeping van aartsengele en engele bevat, en wat hulle dwing om jou te gehoorsaam. Natuurlik kan 'n goeie engel nie deur towery beheer word nie. [9]. Dus is dit hoogs waarskynlik dat sulke engele gevalle of boos is. Oproeping word gebruik om beroepe te doen op laer-as-mens wesens soos demone of elementale [10].

Die werklike seremonie (voorbereiding uitgesonder), kan 'n lang ruk duur. Die towenaar roep die gees tot in sy "driehoek van manifestasie". Dit is 'n driehoek, geverf of uitgekerf op die vloer, met elke sy ongeveer 1 meter lank. Dit is die oproeping. Daar sal baie wierook brandende wees, gedeeltelik omdat daar geglo word dat dit die gees een of ander soort materiële basis gee waardeur dit kan materialiseer. Die mikpunt is om die demoon sover te kry om visueel in die driehoek te verskyn, maar in 'n vorm wat nie te steurend vir die towenaar se gevoeligheid sal wees nie.

Ooreenkomste met die Demoon?

Wanneer die demoon eers gemanifesteer het, sal die towenaar een of ander soort van talisman (kan 'n medalje of stuk perkament met skrywes daarop) hê waarmee hy die demoon volgens sy wil kan bind. Die demoon sal nie wil gehoorsaam nie, dus is daar gewoonlik 'n lang periode waarin die demoon gedreig moet word, die swaard na dit geswaai word en verskriklike vervloekinge oor die demoon uitgespreek word as dit nie wil gehoorsaam nie. Die demoon sal ook probeer ontsnap of om die towenaar te kul om die sirkel te verlaat.

Indien die towenaar buite die sirkel sou tree gedurende hierdie tyd, sal die demoon die reg besit om hom tot 'n pappery te druk en hom weg te dra na die hel (of iewers na iets soos die bodemlose put [11]). Nog iets wat kan gebeur, is dat indien die towenaar per ongeluk iets doen om die integriteit van die sirkel te steur (versteuring van sommige van die kryt of swawel, ens.) kan die demoon ook enigiets met hom aanvang.

Dit mag verskeie ure duur, maar uiteindelik sal die demoon toegee aan die towenaar se wense [12]. Dit mag behels dat dit bloot die mag om te vlieg op die towenaar sal plaas, of aan hom 'n talisman met kragte vir vlieg uitreik, wat beteken dat solank hy dit dra, hy die vermoë sal besit om te kan vlieg. Dan word die demoon vrygelaat om terug te keer na sy plek met die finale eedoplegging dat dit moet belowe om nooit iets te doen om die towenaar skade aan te doen wanneer hy die sirkel verlaat nie. Demone is veronderstel om hul woord te hou (??)

Dit word alles gebaseer op 'n uitgebreide stel rubrieke wat, volgens my ervaring, die demoon of gees dikwels slegs sal ignoreer en die towenaar aan stukke sal skeur. Meeste towenaars glo werklik dat hierdie reëls (soos die sirkel), die demoon op sy plek sal hou. Soms sal die demone die towenaars toelaat om hul te verlustig in hierdie misleiding vir 'n rukkie voordat hulle uiteindelik die bom laat bars. Dit is hoekom die meeste WERKLIKE towenaars wat ek geken het, werklik sleg geëindig het. BAIE sleg geëindig het.

Tree Die Bodemlose Put Binne

Die volgende is 'n werklike weergawe van 'n seremoniële rite wat baie verkeerd geloop het. Die towenaar het sy sirkel opgestel in sy motorhuis nadat al die vensters swart geveerf is. Hy het al die seremonies uitgevoer soos hierbo beskryf en het 'n demoon opgeroep tot in die driehoek. Die motorhuis was gevul met die reuk van wierook en die geskreeu en getjank van die demoon. Hierdie demoon was glad nie gelukkig met sy beperking tot die driehoek nie.

Na ongeveer vier ure van vervloekinge en eedopleggings heen en weer tussen die towenaar en die demoon, het die vertrek baie donker geword. Daar was geen lig behalwe van die kerse en die flou kooltjies van die wierook nie. Die krytlyne op die vloer wat die buitelyne van die sirkel en driehoek aangedui het, het gelyk asof dit skyn in die skemerte. Die demoon was blykbaar op die punt om hom te onderwerp aan die wil van die towenaar. Toe, ewe skielik, lui die telefoon!

Sonder om te dink, het die towenaar buite die sirkel gereik om dit te antwoord. Met 'n aaklige geskreeu het sy hele liggaam verdwyn in 'n uitbarsting van vlamme, saam met die demoon. Binne 'n sekonde was die motorhuis leeg van alles behalwe die getroue, vreesbevange 'sekretaris' wat in die hoek gesit het en die reuk van geroosterde mensvleis. Daar is nooit weer van die towenaar gehoor nie, en 'n vrou en kind is agtergelaat. Die absolute ironie van daardie tragedie is dat daar geen telefoon in die motorhuis was nie!

'n Dodelike Spel

Dit illustreer dat demone NIE volgens reëls sal speel nie en hoe dodelik towery eintlik kan wees. 'n Towenaar sal sê dat hierdie arme ongelukkige mens vir ewig in die bodemlose put opgesuig is. 'n Meer Bybelse voorstel sal wees dat hy hel toe gestuur is vir sy Godslastering. Die meeste towenaars dink uiteindelik dat hulle God kan word. Of ten minste glo hulle dat hulle goddelike magte kan verkry.

Hierdie gruwels is die "storie agter die storie" van oulike klein Harry. Ware towery of hekserie sou hom nie werklik toelaat om veel vreugde te kon hê sonder om deur die bogenoemde rituele te gaan nie. Dit is wat Harry sou moes leer by sy towenaar se akademie, Hogwarts. Hier is dit waar die "meganiese towery" konsep inkom. Mense soos Mnr Colson wil vir ons vertel dat niks hiervan van toepassing is nie, omdat Harry 'n towenaar GEBORE is. Sy ouers was towenaars. Daarom kom dit op natuurlike wyse deur sy talente. Hy is 'n natuurlik gebore towenaar.

Daar skuil so 'n bietjie waarheid hierin. In die werklike lewe, indien Harry se ouers ware towenaars of hekse was, sou hulle gedemoniseer wees van kop tot tone. Hulle sou meer demone bevat het as die kokkerotte in 'n goedkoop hotel. Volgens Eksodus 20:5-6 [13], sou daardie demone in Harry ingaan tydens geboorte. Hy sou inderdaad grootword met 'n (bo)natuurlike geneigdheid tot towery. Dus, i.p.v. dat dit vir hom nodig sou wees om al hierdie verskillende demone met verskillende magte op te roep, sou hy hulle sommer binne in hom hê vanaf sy geboorte. Dit is "gerieflik", maar dit is nie iets wat ek sou wou hê MY kind moes begeer nie.

Om die waarheid te sê, ons het al baie mense bedien wat gebore is met so 'n agtergrond en verskriklik geteister is deur demone, bloot omdat hulle nie eintlik in towery (en al die nare dinge wat uiteindelik verwag kan word in sulke strewes) WOU betrokke raak nie. Slegs die krag van Jesus kon sulke mense vrymaak.

Die feit is, daar is nie so iets soos “meganiese towery” in die sin wat ek glo Mnr Colson die term gebruik nie. Dit kan nie slegs ‘n sameswerings-gedagte wees nie, omdat magie, per definisie ‘n geestelike komponent behels. Anders as straalgewere of tydmasjiene, bring magie ‘n filosofiese of selfs teologiese wêreldsiening. Jy kan ‘n Christen, Jood of Boeddhis wees en ‘n vuurpyl vlieg. Dieselfde kan nie van magie gesê word nie.

Jy is wat Jy eet!

Om terug te keer na die verskil tussen magie en towery ... magie is in wese agnosties. Die ware mikpunt van elke towenaar is om sy eie god te word. Daar is geen ruimte in die wêreldse siening van ‘n towenaar vir ‘n soewereine God nie. Hierdie magiese wêreldsiening [14] sien die heelal as ‘n masjien wat gunste uitdeel aan towenaars in reaksie op hul uitvoering van die regte ritueel.

Dit is in teenstelling met die Bybelse wêreldsiening waarin daar ‘n almagtige, soewereine God is wat ons nie met toorgoed kan manipuleer nie. Hierdie God is ‘n Persoon, nie ‘n masjien of ‘n onpersoonlike mag nie. In die Bybelse wêreldsiening, bid ons tot God en indien Hy voel dat ons versoek binne Sy wil is, gee hy dit vir ons.

Ek is baie begaan wanneer ek kyk na hierdie kinders in Harry Potter. Of hulle opgroei om towenaars te wees of nie, hulle verdiep hulself in die tower wêreldsiening wat nie saamhang met die Bybel nie. Jy kan nie jou eie god wees en terselfdertyd die een, ware God aanbid nie. Dit is hoekom hierdie boeke gevaarliker is as wat dit voorkom. Jy is wat jy eet, intellektueel en geestelik. Indien jy boeke soos Harry Potter wat ‘n towery siening van die heelal bemark, inneem, sal jy in daardie dinge begin glo – geleidelik. Hierdie verandering in oortuigings sal baie subtiel wees. Dit sal insypel in jou verstand soos rook en voor jy besef, sal dit deel word van jou gedagte instelling.

Boonop rapporteer baie media dat kinders nie net die Potter boeke lees nie, maar dit herlees – oor en oor! Hulle doen dit omdat die boeke vermaaklik is, maar ook omdat hulle hierdie wêreld van towenaars en toweragtige misleiding en toorkunste idealiseer, (beide woorde gewortel in die towery) en omdat hulle IDENTIFISEER met die towenaars. Dit is presies soos Christene wat die Bybel lees en herlees, behalwe natuurlik dat hulle die werklike Woorde van God verteer.

Die Harry Potter boeke (net soos die meeste riller en fantasie materiaal) stel ‘n godlose heelal voor, een waarin die sterkste towenaar wen. Dit is boeke waarin die held ‘n towenaar is wat geen bewys toon van geloof in God nie en ook nie die krag van gebed gebruik om boosheid te verslaan nie. Dit is NIE die visie van die heelal wat ‘n Christen ouer in sy kind vas behoort te lê nie – ook is “wit” magie” nie ‘n behoorlike reaksie op boosheid nie. John Andrew Murray, ‘n Christen hoof van ‘n skool in Raleigh, NC, skryf in die USA TODAY dat die Potter boeke geen bewys bevat van ‘n “hoër morele outoriteit” nie [15]. Dit skep ‘n baie verwarrende morele heelal vir jong leser.

Die beswaar kan nou geopper word dat die Hardy Boys, Superman of ander jeug helde van ouds ook nooit gebid het nie. Maar die verskil is dat hulle nie die duiwel se werktuie gebruik het soos (seremoniële magie, nekromansie, ens.) om boosheid te beveg nie. Die meeste van daardie helde het boosheid beveg met fisiese krag of intelligensie (hoe bonatuurlik hulle ookal was). Hulle het nie ‘n primêre geestelike stryd gevoer nie. Harry se gevegte is geestelik van aard, of die skrywer en lesers dit wil erken, of nie. Deur die gebruik van towery, beveg hy vuur deur brandstof daarop te gooi!

Deurslaggewende Verskille

Sommige mense sê, “Wat is die verskil tussen hierdie boeke en die fantasie werke van C.S. Lewis (Narnia boeke) of J.R.R. Tolkien?” Wel, drie verskille. Eerstens, Lewis was ‘n Christen, alhoewel hy nie eintlik die soort Christen was wat meeste evangeliste of fundamentaliste sou goedkeur nie. Tolkien was ‘n toegewyde Katoliek.

Wat jy ookal mag dink van Katolisisme, beide hierdie skrywers was afkomstig uit ‘n sterk Judeo-Christen agtergrond en daar was ‘n morele komponent in beide hul werke, selfs al is dit fantasie. [16] Fantasie, per se, is nie sleg nie. Dit is slegs verkeerd wanneer dit ‘n godlose of “mag maak reg” wêreldsiening bemark.

Die tweede verskil is dat ons kultuur en ons wêreld geweldig verander het sedert die dae van Tolkien en Lewis. Huidiglik, word ons jeug gedompel in ‘n kultuur wat boosheid, okkulte, wellus en mag voorstaan. Die towery wêreldsiening is oral rondom hulle. Dit word voorgestaan in Pokemon, op televisie, fliks en musiek. Nog meer kritiek, dit word dikwels voorgestaan in klaskamers. Dink daaroor, ons het nou verskeie groot TV programme waar die helde hekse is. Ons het selfs nou een wat genoem word “Angel” (van alle dinge), waar die (anti)held ‘n vampier is!

Ons jong mense swem in ‘n moeras van geestelike gemors sodat hulle nie meer kan onderskei nie. Dikwels is God uit hul lewens gedryf en vervang met die gedragsleer van mag, geweld en selfverheerliking – in kort, Satanisme. In die 1950’s en 1960’s was sulke idees skaars genoeg sodat kinders kon bekostig om blootgestel te word aan fantasie verhale wat towery voorgehou het. Dit was ‘n ongewone ding. Vandag is hulle alreeds op ‘n toksiese oordosis deur net in ons samelewing te woon. Dit is ‘n wonderwerk indien enige jong persoon hul geloof kan behou. Diegene wat dit wel regkry, behoort geprys te word.

Geestelike Wellus?

Dit is die verskil. Die morele waardes soos voorgestel in die Potter boeke, is anti-God en anti-Christen. Nog meer belangrik, die leefstyl van magie word voorgestel as prettig. Baie min kinders sal magie so aantreklik vind indien hulle sou weet dat hulle met ‘n aaklige monster sal moet worstel om dit te verkry; en selfs dan staan hulle ‘n goeie kans om vermoor te word nog voor die einde van die ritueel.

Nie net dit nie, maar die boeke trek beslis kinders na die towerkuns toe aan. “Wie sal nou nie ‘n towenaar se lewe verkies nie?” het die TIME tydskrif gevra. [17] Selfs oorspronklike, regte Wiccans word “getoor” deur die Potter reeks, volgens die Associated Press [18]. Enigiets wat hekse goed en oulik vind, moet beslis met suspisie beskou word deur ernstige Christene.

Dit bring ons by die derde verskil. Die Harry Potter boeke is vol van baie meer eksplisiete, angswekkende boosheid. Daar is ‘n geweldige verskil tussen wat aangegaan het in Lewis en Tolkien se verhale en wat kinders vandag lees oor Harry Potter.

Net as ‘n klein voorbeeld, verbeel jou ‘n tienjarige lees:

- 1) Die diere offer van ‘n kat [19]
- 2) Nie-towenaars soos jy en ek (Muggles) word voorgestel as vaal, vervelig, wreed of nutteloos; [20]
- 3) Mag is die hoogste morele keuse, ongeag goed of kwaad; [21]

- 4) Bloedoffers; [22]
- 5) Sny die hand van 'n lewendige persoon af vir 'n ritueel; [23]
- 6) Kook 'n baba lewendig in 'n pot; [24]
- 7) Moontlike demoniese besetting; [25]
- 8) Weerwolwe [26] & vampiere [27]
- 9) Bring 'n bouse towenaar terug uit die dood deur die stort van bloed [28]
- 10) Astrale projeksie of astrale reise [29]
- 11) Vloeke spreek en levitasie [30]
- 12) Vermoë om in 'n dier te verander [31]
- 13) Kristal lees of waarsêery [32]
- 14) 'n Held (Harry) wat leuens vertel, [33] steel, [34] breek die reëls, [35] en kul deur 'n ander student se huiswerk af te skryf, [36] (Kul is AANVAARBAAR in towenaars etiek [37]).
- 15) Goedkeuring van astrologie [38].
- 16) Word geleer dat mense sonder hul siele kan bestaan [39].
- 17) Gemeenskap met die dooies, en dooie siele wat in ons leef [40].
- 18) Harry neem bui-veranderings middels (wat WERKLIKE kruie is deur hekse en toordokters gebruik) [41]
- 19) Gebruik van die "Hand van Glorie" [42], 'n grieselrige okkultiese artefak (kunsprodukt) wat die afgekapte hand van 'n moordenaar is. Die vingers word aan die brand gestee en vir kerse gebruik. Die hand word in 'n huis geplaas sodat almal in die huis onder 'n towerspreuk kan kom.
- 20) Gebruik van towerspreuke [43]
- 21) Glo dat die dood net die "volgende groot avontuur" is [44] (wat mag waar wees indien jy 'n Christen is, maar niemand in hierdie boeke is 'n belydende Christen nie). Vir nie-Christene soos Harry, is die dood 'n enkelkaartjie hel toe!

Hierdie is gevaarlike, valse idees, veral vir 'n jonger persoon. Daar word min gedoen om hierdie boeke uit die hande van kinders te hou, selfs dié van jonger as tien!

Daarby is daar ook nog 'n sterk anti-gesins streep in die Potter boeke. Soos voorheen genoem, is Harry se biologiese ouers vermoor. Behalwe hulle, is die enigste ander familie wat Harry oorhet, aaklig. Harry se oom, tante en neef saam met wie hy woon, is gemeen, selfsugtig en liefdeloos. Hulle is "Muggles" (nie-towenaars) wat Harry se lewe aaklig maak omdat hy glo soos hy glo, en hulle dwing hom selfs om in 'n kas te slaap!

Harry se bouse vriende word baie aangenaam voorgestel in vergelyking met hierdie aaklige familieleden, wat gesien kan word as karikature van "fundamentalistiese" Christene. Die gewone menslike volwassenes van sy familie, word gesien as dom en kragteloos, terwyl die hekse en towenaars vol wysheid en krag is. Watter soort boodskap stuur dit na kinders oor hul naasbestaendes wat nie sulke fassinerende lewens lei soos in die boeke voorgestel word nie? Sommige van die Christene wat die Harry Potter boeke verdedig, sê dat mens nooit genoeg kan leer net deur die lees daarvan, om werklik magie of toordery te kan beoefen nie. Daardie soort stelling kan slegs gemaak word deur iemand wat oningelig en onkundig is oor towery. As 'n gewese towenaar, kan ek self sê dat 'n intelligente kind baie sal kan leer van oorspronklike towery materiaal.

Nog belangriker is dat hierdie boeke dit wat C.S Lewis genoem het “geestelike wellus” vir die okkulte kennis en mag by lesers laat ontvlam. Hulle prikkel die begeerte om “klein gode” te word en vul die kind se kop met geweld, bloed-offers en ‘n wêreldsiening wat doelbewus anti-Christen is. Is dit verkieslik? Veral wanneer die boeke so goed geskryf is dat die kinders dit oor en oor lees en dit feitlik memoriseer?

‘n Harry Potter flik is vrygestel, en sal waarskynlik vergesel word deur al die gewone Hollywood bemerking (Harry Potter Happy Meals, ens.). Daar is alreeds kalenders, aksie-figure, ens. Indien die boeke enige aanduiding is, kan dit ‘n kulturele verskynsel wees wat STAR WARS onbeduidend in vergelyking sal laat lyk! Ouers moet bewus wees van hoe gevaarlik die materiaal in hierdie boeke is en hul stelling dapper inneem omdat hulle hul kinders liefhet.

Eindnotas

1. Chuck Colson, 11/2/1999 Breakpoint radio broadcast.
2. Weerwolfswaansin is ‘n oud en geëerde element binne die dissiplines van towery en heksery. Die weerwolf is die beste bekende voorbeeld van “lycantrophy”, maar daar is ook ander. Meester derde wêreld kulture wat shamanisme praktiseer, het beoefenaars wat probeer (en soms daarin slaag) om hulself te verander in diere – bere, wolwe, rawe, ens.
3. OXFORD DICTIONARY AND THESAURUS, US ed., 1996, bl 900.
4. ibid., bl 1767
5. Grimoires is towery werksboeke, dikwels honderde jare oud. Hulle wissel van die relatiewe beskaafdes soos die SACRED MAGIC OF ABRA MELIN THE MAGE tot die lelukes soos THE BLACK PULLET.
6. ‘n Fiktiewe spel wat polo, gespeel op vlieënde besemstokke, voorstel.
7. Meeste towenaars in die Weste het vier elemente van Lug, Vuur, Water en Aarde.
8. Dit is NIE dieselfde as ‘n Wicca sirkel nie. Die punt van die Wicca sirkel is om krag BINNE te hou. Die punt van die magiese sirkel is om dinge BUITE te hou.
9. Heb 1:14 dui daarop dat engele se hulp gevra kan word slegs deur diegene wie “erfgename van redding” is – d.i. Christene.
10. Elementale word gesien as natuurgeeste wat verband hou met die vier elemente. ‘n Lug element sal ‘n luggees (sylph) wees.
11. Die bodemlose put is ‘n konsep in seremoniële magie. Dit is ‘n plek tussen twee sferes aan die Boom van Lewe wat jy moet oorkruis om ‘n “goddelike wese” te kan word. Indien jy nie slaag nie, val jy in die put wat beskryf word as ‘n plek van verdagting of ‘n plek van ondenkbare aakligheid en duisternis. In beide gevalle is die toenaar se siel blykbaar vir ewig vernietig.
12. Eintlik is daar ‘n redelike ooreenkoms tussen ‘n tipiese towery seremonie soos hierdie en die lang, uitgerekte en veeleisende Rooms Katolieke rite van duiwelsuitdrywing.
13. Dit is die Bybelse gedeelte waar ons vertel word dat die sondes van die vaders besoek word aan die kind. Dit is veral waar van afgodery.
14. Lees “Straight Talk on Witnessing to the Occultist, Witch and New Ager”, ens. verkrygbaar van ons bediening.
15. “Latest ‘Harry Potter’ Book meets with Cautionary Response from Christians” deur Art Toalston, Baptist Press, 7/13/2000.
16. Daar is Christene wat beswaar sal maak teen die ortodoksie van Lewis en Tolkien. Nie een van die twee was presies ‘n fundamentele Christen nie. Lewis was ‘n Anglikaan, alhoewel baie van sy teologiese skrywes ‘n sterk evangeliese siening uitbeeld. Hierdie boekie is nie die plek om in debat te gaan oor C.S. Lewis se teologie nie. Dit is genoeg om te sê dat, so goedaardig as wat sy werke was, is die Harry Potter verhale baie, baie erger.
17. TIME, 9/20/1999.
18. “Potter charms Modern-day Witches” by Deepti Hajela, AP 1/30/2000.
19. Harry Potter and the Chamber of Secrets, bl 139
20. Harry Potter and the Goblet of Fire, bl 33
21. Harry Potter and the Philosopher’s Stone, bl 291
22. Harry Potter and the Philosopher’s Stone, bl 656
23. Ibid. Bl 641
24. Ibid. Bl 666
25. Goblet of Fire, bl 653-4
26. Harry Potter and the Prisoner of Azkaban, bl 345, 381
27. Ibid., bl 147
28. Harry Potter and the Goblet of Fire, bl 463

29. Ibid., bl 667-669
30. Ibid., bl 344-45
31. Ibid., bl 534
32. Harry Potter and the Prisoner of Azkaban, bl 297
33. Sorcerer's Stone, bl 292
34. Harry Potter and the Chamber of Secrets, p 165
35. Prisoner of Azkaban, bl 31
36. Ibid., bl 146
37. Goblet of Fire, bl 343
38. Sorcerer's Stone, bl 257
39. Prisoner of Azkaban, bl 247
40. Ibid., 427-428
41. Sorcerer's Stone, bl 137, 286-87
42. Prisoner of Azkaban, bl 52
43. Ibid., bl 118, 188
44. Sorcerer's Stone, bl 302

